waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 6, NO 1, JANUARIE 2000

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel**
*Swaar tye*
2 **Skrifoordenking**
*Gebreekte brood*
Ds SJMS Smit
3 **Fokus**
*Stiefsusterkerke?*
Ds ALA Buys
4 **Op die kerkerf**
*'Kunslig' teenoor skriflig (2)*
Dr JG Meijer
6 **Boekbespreking**
*Die Bybellennium (1)*
Ds HLJ Momberg
9 **Uit die verlede**
*Petrusburg spieëlbeeld van so baie ander*
Dr JM van Tonder
10 **Mediese etiek**
*Kremasie - 'n opsie vir christene?*
Dr JM Boon
11 **Persskou**
- *Kanon: oop of geslote?*
- *Aardverskuiwing in Kampen*
- *Luther, Rome en die Anglikane*

Ds GJ Meijer

## REDAKSIONEEL

# SWAAR TYE

Die jaar 2000 val in 'die laaste dae' waarvan Joël geprofeteer het. Dié tydperk wat met die uitstorting van die Heilige Gees aangebreek het, duur voort tot die terugkoms van ons Here op die wolke. In die laaste dae is alle lidmate van die kerk gesalfdes, gesalf met die Heilige Gees. Die effek daarvan? Almal profeteer. Hulle ken die Here, sy wil en hoe Hy gedien wil word. En waar die harte van vol is, loop die monde van oor. Die stem van God weerklink uit hulle monde in die gesinne, in die werk van elke dag, in die kerk- en lands-regering, in die pers, kortom in die hele lewe. Die kerk is profete-kerk.

Profete stuit op weerstand. Die Here sê in 2 Timoteus 3:1: Daar sal in die laaste dae swaar tye kom. Die woord **swaar** (*chalepos* in die Griekse grondteks) kom slegs twee keer in die Nuwe Testament voor. Die ander plek is Matteus 8:28. Twee duiwelbesetenes kom die Here Jesus van die grafte af tegemoet. Duiwels dink, praat en tree in en vanuit hulle op. Die besetenes is kwaai (*chalepos*), so kwaai dat niemand met daardie pad kan verbygaan nie. *Chalepos* beteken onwillig teenoor die Here en sy diens, vyandig, boosaardig, hels. Profete ontmoet teenstand uit die hel. Efesiërs 6:12 kondig aan: Hulle (persoonlike en kerklike) worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug.

Die profete-kerk lewe in swaar **tye**. Die woord tyd (*kairos* in die grondteks) dui 'n beperkte tydsduur aan. Die tydperk van die laaste dae word vanuit die hel in 'n hele aantal tye verdeel. Telkens 'n nuwe tydvak, 'n *new age*, gekenmerk deur 'n eie tydgees. Die tyd van folterkamers en brandstapels is in die demokratiese Westerse wêreld voorlopig verby. Profetestemme word tans in daardie wêreld op 'n ander manier versmoor. Die een naam van behoud - Jesus, die Christus - word deur talle name vervang. Die evangelie wat afgode uitsluit, word weerstaan met die pseudo-evangelie dat alle godsdienste wesentlik een is. Gebooie van God word outyds geag. Eerbied vir die Here? Vir 'n 'vreemde God'? Teoloë speel saam in die helse 'spel' waarin alles en elkeen aanvaar word met een uitsondering: die stem van God se profete.

> *Profete ontmoet teenstand uit die hel*

Die verskillende taktieke wat die duiwels in die verskeie tydvakke aanwend, dra almal dieselfde kenmerk. Ons lees in 2 Timoteus 3:2-5: Die mense sal liefhebbers van hulleself wees. Die hele lewe, ook die godsdiens, is mens-gerig. Liefde, brand vir die Here en sy volk, kom nie in daardie sataniese woordeboek voor nie. Van die mense wat hulle deur die hel laat lei, het sommige 'n gedaante van godsvrug, maar hulle verloën die krag daarvan.

Profete kry swaar, reeds in hulle jong jare. God se heilsame gebod wat in hulle mond en lewe klink, ontmoet fel teenstand in skole, in groepsverbande, in werkkringe, ja orals in die neo-modernistiese 'samelewing'. Waarop loop die swaar tye uit? Dit sê die Here in Openbaring 11:3-12. Die twee getuies van die Here word gedood. Waarom gaan die vyandskap teen hulle so ver? Hulle het die bewoners van die aarde met hulle profetiese getuienis gepynig, die gewete van die mense geraak, hulle seer gemaak.

Wat bedoel die Here met sy openbaring oor die swaar tye? Dis nie 'n bang-maak-profesie nie. Hierdie profesie begin met die woorde: 'Weet dit'! Timoteus, kerkvolk in alle lande en tye, hou in gedagte: Daar kom swaar tye. Die duiwels en hulle trawante in die wêreld en in die afvallige kerk rig hulle helse aandag spesiaal op God se profete. Profete gaan - soos van ouds - swaarkry. Weet dit ook: Hy wat sy profete roep, gee krag om in die swaarkry staande te bly. Hulle sal hulle getuienis voleindig, die getuienis *vir* Christus en *teen* almal wat hulle teen Hom en sy Woord verset.

Mense wat profete mond-dood maak, beroof hulleself van die lewende en lewend makende Woord van God. Die einde van 'die laaste dae'? Openbaring 11:11 sê: 'n Gees van die lewe uit God gaan in die vermoorde getuies in. Hulle gaan op hulle voete staan. Diegene wat God se profete weerstaan het? 'n Groot vrees val op diegene wat hulle aanskou.

Mag die Here sy volk in helse teenstand laat profeteer in die kerk en van daaruit in die hele lewe. En mag *Waarheid en dwaling* op die pad na die voleindiging van die getuienis 'n rugsteun vir die amp van gelowige wees.

**Ds SJMS Smit,**
Oos-Moot

# GEBREEKTE BROOD

*1Kor 11:23-24*

**Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.**

Ons gaan die nuwe millennium in, en ons aandag is nog steeds by die brood. Dit is per slot van sake al waaraan ons kan vashou. Ons kyk vir die laaste keer hoe die brood op die nagmaalstafel beland, en watter betekenis hierdie teken met hom saambring.

Ons vertrekpunt is dat Jesus die nagmaal ingestel het in die nag waarin Hy verraai is, toe sy lyding 'n dieptepunt bereik het, tydens die laaste Pasga! Met hierdie instelling laat Hy die Pasga in vervulling gaan. Aan die een kant staan Christus, wat openbaar het dat by Hom brood in oorvloed is, dat Hy die brood van die lewe is, en aan die ander kant hou Hy die pasgabrood in sy hand.

Met die laaste viering van die Ou Testamentiese Pasga onderskep Jesus die pasgabrood. Teken van God se verbondsbeloftes, van verbondseën en teken van God se verbondswraak. Hy onderskep die pasgabrood, en Hy verander dit in nagmaalsbrood! Hy gee daaraan nuwe betekenis! Hy betrek dit op Hom, met die woorde: Dit is my liggaam, oor julle!

Ons kom hier voor 'n moeilike tekskritiese probleem te staan. Die meerderheidsteks voeg by 'gebreekte': 'dit is my liggaam (wat vir julle gebreek is)'. Maar as ons in gedagte hou dat die paaslam se bene nie gebreek mag word nie, en dat Jesus se bene nie gebreek is nie, juis sodat die Skrif vervul sou word, dan moet ons instem met die oudste Griekse tekste wat sê: 'dit is die liggaam van my, oor julle!'

Die nuwe vertaling vertaal dit met 'n datief 'vir julle'. Dit is vir julle! Maar selfs met hierdie vertaling gaan daar iets van die Griekse taalrykheid verlore. Letterlik staan daar: dit is my liggaam, oor julle! Om dit beter te verstaan (selfs al sou ons die meerderheidsteks se 'gebreekte' daarmee saam neem) moet ons terug na die Pasga, die geleentheid van die instelling van die nagmaal!

Jesus staan met die gebreekte *matso* (ongesuurde brood) in sy hand. In die eet van die pasga word die *matso* gebreek voor die oë van die pasgagangers, en dan kry elkeen 'n stukkie om te eet. Met die eet van die **gebreekte** brood, teken van die verbondswraak en verbondseën van God, ontvang elke pasgavierder versekering dat hy deel het aan die volk se uitleiding uit Egipte onder die sterke hand van God. Soos wat hy deel het aan die brood, so het hy deel aan die geskiedenis van die bevryding uit Egipteland, het hy deel aan die 'verbygaan (pasga)' van die Here!

Selfs al sou ons die meerderheidsteks volg, dan bedoel Christus nie om te sê sy liggaam is gebreek nie. Die gebreekte **brood** is teken van sy liggaam WAT ONDER DIE VERBONDSTROU EN VERBONDSWRAAK VAN GOD MOES DEURLOOP!

Dit is die betekenis van die brood: Dit is my liggaam, oor julle! Oor julle! Julle is die oorsaak! En ter wille van julle! Julle is die bevoordeeldes! Kragtens God se verbondstrou het sy verbondswraak op die liggaam van Christus aan die kruis neergekom... oor julle! Oor ons! Oor ons sondes en oor sy verbond met ons!

En so is ons dan deur die verdrukking van die liggaam van Christus aan die kruis uitgelei uit die slawerny van die sonde, verlos van die houvas wat Satan op ons gehad het, bevry om God te dien, bevry om in 'n nuwe **herstelde** verhouding met God te leef! Bevry van die toorn en oordeel van God **OOR MY SONDES**!

As ons nou daardie stukkie brood eet, dink dan oor Christus! Dink daaraan, dat Christus met sy liggaam onder die volle toorn van God gaan hang het aan die kruis. In my plek, met my sonde.... sodat God my met sy toorn kan verbygaan!

Die volle oordeel van God het op Hom afgekom, op sy liggaam en siel, sodat Hy daaronder gesterf het! Dood onder die oordeel van God! Dink daaraan dat God gesê het:'Die dag as jy daarvan eet, dan sal jy sekerlik sterwe!' En dit moes elkeen van ons. Oor ons ... sondes! Ons moes elkeen sekerlik sterwe onder die toorn van God, onder sy verbondswraak! Oor ons ... sondes! Maar nou het Christus met sy liggaam vir ons (gelowiges), en in ons plek onder die verbondswraak van God gaan staan! Danksy God se verbondstrou, danksy sy genadige verbondsbeloftes! Hy het daar gaan staan... daar gehang ... sodat God ons met sy toorn kon verbygaan!

> *... bevry om in 'n nuwe herstelde verhouding met God te leef!*

Nou eet ons in die nagmaal in opdrag van Christus die brood! Dit het op die nagmaalstafel geland – oor ons! Dit beteken die liggaam van Christus (onder die toorn van God) - oor ons! Oor ons sondes .... en omdat Hy ons lief het! Die brood, die gebreekte: Dit is my liggaam ... oor julle!

Ja, neem eet, en glo dat die lewe nêrens anders te vind is nie!

***Die opvolg-artikel oor 'Die Heilige Gees en ons' verskyn weens gebrek aan ruimte DV volgende maand***

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# STIEFSUSTERKERKE?

Ds ALA Buys, Piet Retief

**Vir dekades al praat die Tussen Kerklike Kommissie (TKK) met mekaar sonder veel substansiële vordering. Daar word telkens maar weer ooreengekom om te verskil. Alhoewel die debat tog akademies vorder, lyk dit nie asof die 'susterkerke' nader aan mekaar is as voorheen nie. Inteendeel. Tog het daar onlangs op die kerkraadstafels 'n oproep van die TKK gekom wat die saak op grondvlak, op gemeentevlak wil stimuleer tussen die 'susterskerke'.**

## Gesuste gewete

Die woord 'susterkerk' is darem 'n te maklike gewetensuster, want as 'n mens die woord 'suster' op dié manier deel van jou kerklike woord(e)skat maak, hoef jy nie veel broederlike eenheid in Christus te toon nie – as die EEN onverdeelde liggaam van Christus. Ons gewetens mag nie so tot stille aanvaarding van 'n sonde gesus word nie. Met die woord 'susterkerk' probeer ons iets vergoeilik wat inherent voor die oë van die Here verfoeilik is: verdeeldheid in sy kerk.

## Skuldbelydenis

Die vertrekpunt in enige sodanige ekumeniese gesprek by die 'susterskerke' behoort die skuldbelydenis te wees dat dit voor God sonde is as mense met dieselfde belydenis en selfs dieselfde kultuur-agtergrond aparte nagmaalstafels het. Solank mens nie van hierdie skuldbelydenis af begin werk nie, solank sal die susterkerke eintlik bly wat hulle is: stiefsusterkerke. Jy kan nie die eenheid in die Here bely, sonder die intense soeke na een nagmaalstafel nie. Natuurlik is daar baie historiese en menslike redes, waarom die kerke los van mekaar bestaan, maar dit neem nie weg dat God se eis in sy Woord steeds geldig is vir ons vandag nie.

> *Skrifgesag. Dit is die bron waaruit die water geput word.*

Daar behoort van kerkrade se kant af groot erns aan die dag gelê te word oor hierdie oproep van die TKK. Ons mag nie as gereformeerdes met ons hande op die bors slaan en die dankgebed prewel: 'Ek dank u Here dat ek nie so sondig is soos my susters nie'. Die eerste saak waaraan aandag geskenk moet word, is of daar binne die kerkraad en gemeente 'n opregte begeerte is na die belewing van die eenheid van Christus se liggaam. Ten spyte van die historiese ontwikkeling, ten spyte van baie dinge mag die eenheidseis nie minder beklemtoon word nie.

## Aanbidding eerste

Tog is die aanbeveling wat die TKK aan die kerkrade maak, waaroor saamgewerk moet word, te skraal en eintlik van die punt af. Dit is alles goed en wel om in jou dorp saam met die ander 'susters' forums op die been te bring , saam te getuig , saam teen iets anders te wees, te sê ons dien tog dieselfde Here, maar nie saam aan die nagmaaltafel gaan nie. Die eerste vraag is nie 'hoe werk ons as susterkerke saam' nie, maar hoe aanbid ons as broeders in Christus saam sy en ons Vader. Hoe vier ons saam nagmaal? Mense van dieselfde belydenis hoort bymekaar.

En tog is dit juis hier waar die paaie skei. Die belydenis. Nie net wat dit behels nie maar ook oor watter bindingskrag dit het. In die ekumeniese gesprek (tussen gemeentes met dieselfde belydenis uit verskillende kerkverbande) is dit altyd die gevaar dat die waarheid, soos wat die negende gebod van ons eis, dikwels die eerste slagoffer is. Dit is baie eenvoudig: dit het geen sin om 'n belydenis te hê, as jy nie daarvolgens wil leef of jou self daaraan gebind wil sien nie, of die konsekwensies van (dieselfde) belydenis wil uitvoer nie. Respek vir die waarheid, eerlikheid met betrekking tot dit waaroor uit die Skrif ooreengekom is, is uiters noodsaaklik.

Daar is binne elkeen van die sogenaamde susterkerke strominge, sommige vir, ander teen die belydenis. Maar telkens kan al die probleme oor die belydenis teruggevoer word na die kwessie: Skrifgesag. Dit is die bron waaruit die water geput word. En voordat hierdie kwessie (oor wat die Skrif is) duideliker na vore gebring word, gaan die ekumeniese gesprek nie vorder nie.

## Kloof groter

Dit is jammer dat dit tans voorkom asof die gaping tussen die 'susters' juis aan die vergroot is. In die lig van geweldige groot omwentelings in die politieke en sosiale landskap wat die 'susterskerke' omring, is dit 'n vraag of ons die luuksheid van geskeidheid langer kan bekostig. Dit sal egter niks baat om die saak kunsmatige asemhaling te probeer toedien nie.

Kosmetiese eenheid, demonstratiewe eenheid (soos om apart te bly maar byvoorbeeld een keer 'n jaar demonstratief saam nagmaal te vier), allerhande wellwillendheidgebare en al derglike oefeninge in publieke skakeling is skadelik en sal van korte duur wees. Dis ware belydenis-eenheid of niks.

## Nuwe indeling

Ons het lank oor eenheid gepraat, maar nog min gedoen het daaromtrent. Daarom is die weg vir die toekoms oor hierdie saak beslis nie 'n gelyk-pad nie. Tog is dit moontlik dat daar 'n nuwe kerklike indeling van die verdeling na vore kan tree; binne elke verband en opnuut met mekaar oor die kwessies rondom die gesag van die Woord.

Wat ons tans te doen staan is die volgende:

- om 'n ware begeerte tot eenheid van die kerk te koester,
- om enige iets minder as dit af te wys as stiefsusterlike sonde,
- om biddend met mekaar te begin praat (op gemeentevlak),
- om te sorg dat dié wat dieselfde geloofstaal praat dieselfde geloofsdade doen.

## Stiefsusters of broeders?

Ons wou nie broederlik een wees toe God ons daartoe roep nie. Miskien sal God ons deur sy vyande in mekaar se arms dryf.

# 'KUNSLIG' TEENOOR SKRIFLIG (2)

**Dr JG Meijer,** Pretoria

**Aantasting van Skrifgesag en Skrifgeloof is 'n fundamentele kwessie. Die kort reeks hieroor word nou afgesluit. Weens die belang van die saak is die ses artikels aan dr CJ Smit gestuur met die belofte dat hy nou die geleentheid ontvang om op die inhoud te reageer.**

Is eie interpretasie (uitleg en vertolking) van die Skrif iets nuuts, 'n kwessie wat net die kerke in die twintigste eeu en daarna raak? Wat bring die vervanging van Skriflig met kunslig teweeg? En wat is ons opdrag as dié kwaad in die kerk kop uitsteek?

## 'n Ou dwaling in 'n nuwe baadjie

Is eie interpretasie van die Woord, vervanging van die Skriflig met kunslig, 'n nuwe kwessie? Nee. Hierdie aantasting van die gesag van Gods Woord is 'n ou-ou dwaling wat in verskillende periodes van die geskiedenis telkens in 'n nuwe baadjie gesteek word. Die basiese struktuur van die dwaling bly steeds dieselfde. Hieronder volg ter illustrasie twee markante feite uit die geskiedenis.

### *Desiderius Erasmus se ondermyning van die Skrifgesag*

Die jaar 1524. Die bekende Erasmus skryf 'n boekie. Dit gaan oor die vrye wil.[1] Hy bestry daarin die reformator Maarten Luther se vaste, stellige bewerings[2]. Hy het 'n afsku daarvan. Die Bybel bevat volgens Erasmus ontoeganklike plekke. Wie daarin wil indring, word gou-gou soos in 'n gevaarlike grot deur duisternis oorval. Die uitgangspunt van hierdie geleerde is sy afwysing van die helderheid van die Woord. Dit is ook die vertrekpunt van aanhangers van die moderne 'inspirasie'- en 'interpretasie'-teorieë.

Die gesag van die Skrif, so vervolg Erasmus, is beperk. Wat die verhouding met God betref, is dit voldoende om te weet dat die kwaad aan die mens te wyt is en dat alle goed aan die goddelike genade te danke is. Beperking van die Skrifgesag is ook voorgestel in die beswaarskrif wat 'n klassis via die partikuliere sinode op die tafel van sinode 1994 gelê het: Die Skrif is slegs duidelik (helder) oor die weg tot saligheid. Erasmus oordeel dat die Skrif ook in die instruksies oor 'n sedelik goeie lewe helder is. Hy relativeer en reduseer reeds die Skrifgesag. Beperking van die gesag van die Woord in ons dae is dus niks nuuts nie.

'Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie.'[3] Afwysing van die helderheid van die Skrif lei in die sestiende en in die twintigste eeu onherroeplik tot onsekerheid, afsku van 'vasstaande kennis'[4] van die ware gelowige, en tot relativering en reduksie van die Skrifgesag.

Luther skryf sy polemiese antwoord aan Erasmus in 1525 (oor die slaafse wil). Hy stel na die oorweging van Erasmus se relativisme die kritiese vraag: Waar bly die leeramp? Christus gee die opdrag: 'Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het'.[5] God skenk sy Woord aan ons om dit sonder enige aarseling of terughoudendheid te predik.

In aansluiting hierby volg Luther se uiteensetting oor die helderheid van die Skrif wat skyn in die bediening van die Woord. Hy vertolk en verklaar die Skrif met die doel om die diep rykdom van die Woord op die kansel te ontvou. Die lig van die evangelie straal helder in sy preke. Tussen hakies: Ons moet die belydenis van *die helderheid van die Skrif in die Woordbediening* in gedagte hou by die oorweging van die laaste sinode se liturgie-besluit waarin die lesing van die Woord bo die verkondiging daarvan verhef word.

Wat leer ons uit die polemiek tussen Erasmus en Luther? Dit gaan in ons worsteling oor die uitgangspunt, die belydenis van die helderheid van die Skrif. Wie dit bely, bind optimaal aan die leer van en die voorskrifte in die Bybel. Wie die helderheid van die Skrif daarenteen betwyfel of ontken, kom in die interpretasie uit by minimale binding aan die teks van die Skrif. Dit gaan in die sestiende en in die twintigste eeu nie oor verskillende uitleggings van moeilike tekste nie, maar oor die vraag: Glo ons God se helder Woord? Glo ons met die hart wat ons met die mond in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely? Hier is ons in die hart van ons onderlinge geskille.

### *Die kunslig in die vraag van die slang*

Die eerste indringer tussen die helder lig van die Woord en die mens is die slang in die paradys. Die duiwel, die Satan[6] praat deur die dier se bek. Die Here God het vir Adam gesê: 'Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie'.[7] Die slang kom met sy 'interpretasie': Hy vra aan die vrou: 'Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?'[8]

Die interpretasie van die slang is kunslig-vervaardiging. Hy vervang die teks van die verbod met sy eie weergawe daarvan. Die kunslig bestaan uit 'n vae interpretasie. Die letterlike teks van sy woorde kan naamlik op twee maniere verklaar word. Die mens mag van geen boom in die tuin eet nie of die mens mag nie van elke boom eet nie, moontlik nie van meer as een boom nie.[9] Met sy 'interpretasie' van die gebod begin die slang om twyfel te saai in die hart van die vrou. Die bestaande sekerheid van die vrou oor die billikheid en regverdigheid van die Here en sy verbod moet verdwyn. Die duiwel wat die vrou in die loop van hulle 'gesprek' van die helder Woord beroof - dit neem niks van haar eie skuld weg nie - word deur ons Here

---

1. Die gegewens in hierdie onderdeel is ontleen aan C. Trimp. *Het leerambt niet verspelen: de uitstraling van de Schrift in de bediening van het Woord.* Barneveld: De vuurbaak, 1993 (Kamper bijdrage, 23). Hierdie publikasie is in 'n artikel van hierdie reeks (in die November-nommer) hartlik aanbeveel. Die inhoud is verrykend en versterkend in die wêreldwye stryd om die bewaring van ons belydenis oor die helderheid van die Skrif. Die teks beslaan net minder as 40 bladsye. Ek gee enkele sake in eie woorde weer.
2. In Erasmus se Latynse teks: *assertiones.*
3. Pred 1:9.
4. HK, antw. 21.
5. Matt 28:19.
6. Op 12:9.
7. Gen 2:16-17.
8. Gen 3:1.
9. Sien GC Aalders. *Genesis (1).* 2e druk. Kampen: Kok, 1949, p. 130 (Korte Verklaring).

Jesus genoem: 'n mensemoordenaar van die begin af, 'n leuenaar en die vader daarvan.[10]

Die duiwel het ons Heiland selfs versoek met 'n letterlike Bybelteks wat hy uit die verband ruk. 'As U die Seun van God is, werp uself (van die dak van die tempel) af; want daar is geskrywe' ... Jesus antwoord hom: 'Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie'.[11] 'n Kort verwysing na die Skriflig laat die versoeker van ons Here wyk.

Eie uitleg van die profetiese Woord, eie gedagtes indra in die teks van die Skrif, is so oud soos die sondeval. Die duiwelse taktiek is selfs teen ons Verlosser aangewend. Ons leer hieruit: Wees daarop bedag om nie die woorde van God in die uitleg en vertolking van die Bybel te verdraai nie. En weerstaan hulle wat dit wel doen, met die kragtigste wapen wat die Here gee: Daar is geskrywe.

## Wat interpretasie-kunslig teweegbring

Kunslig wat die Skriflig verduister ... Wat bring dit teweeg? Ek vermeld slegs enkele belangrike gevolge met die bedoeling om ons van dié heillose pad weg te hou of by die begin daarvan te laat stilstaan, skrik en na die Skriflig te laat terugkeer.

### *Onsekerheid*

Die 'vasstaande kennis' van die geloof maak in die interpretasie-kunslig plek vir onsekerheid. Die Here wat Homself aan ons openbaar, ons liefdevolle Vader, word ingeruil vir 'n 'vreemde god' wat mense nie kan ken en liefhê en dien nie. Ons ouer generasies se geloof - so word uit die kunslig-kring opgemerk - was rasioneel, net op die verstand gerig. Dit het net oor verwerwing van kennis gegaan. Asof die ouer generasies nie die verborge omgang met die Here geken het nie.

*Die kerk in sy aanvegting en stryd mag geensins sy roeping in die koninkryk van God versaak nie.*

### *Kwynende Skrifstudie*

Skriflees en -studie verminder drasties. 'n Mens verstaan tog nie 'n boek wat op allerlei verskillende maniere geïnterpreteer kan word nie? Wie die Skriflig laat afskerm, soek vervanging en neem met kunslig genoeë.

Soos die Roomse kerk in sy afskerm van die Skriflig die volk na die donker Middeleeue gelei het, so lei interpretasie-kunslig talle 'kerke' na 'n donker derde millennium. Wêreldwyd neem Skriflees en -studie in gereformeerde kringe gaandeweg af. Mense verkies die kunslig van die moderne interpretasie bo die helder Skrif, die duisternis bo die lig.

### *Dialoog*

Derdens bewerkstellig die interpretasie-kunslig ondermyning van die leer van die Skrif. Die 'vasstaande kennis' in die belydenisse van die kerk word outyds geag en as rasionalisme bestempel. Onderrig in die leer van die Skrif? Nee, dialoog is in die mode. Ruda Landmans en Willem de Klerke vermaan? Leertug toepas? Nee, nie in die moderne kunslig nie.

Dialoog pas die post-modernistiese mens soos 'n handskoen. Dr De Klerk is 'n meester in die proe van die tydgees. Hy 'profeteer': 'Dis duidelik dat bokslagtery (sy benaming van liefdevolle leertug) se tyd uitgeloop het en dis oorduidelik dat die bokslagters dit nog nie agtergekom het nie'. Onderrig in, vermaning uit die Skrif? Nee, sê De Klerk: 'Kundige gesprek. Eerlike gesprek. Nugter gesprek. Vriendelike gesprek. Opsoekende gesprek. Dit is soos vandag en môre lyk.'[12] Net gesprek, dialoog ... Waarheid en dwaling gesels lekker saam.

Die leer van die Skrif word ook wesenlik ondermyn in kerke wat die kategismus-prediking verwaarloos en in katkisasie-klasse waarin die onderrig in die leer vervang word met ... 'n gesprek, 'n dialoog tussen die 'cool' predikant en sy leerlinge. Die ondermyning van die leer van die Skrif loop uit op volstrekte relativisme tot in die huisbesoek. Die Skrif mag nog meepraat, as een van baie 'kontekste' wat by die moderne mens se lewensuitkyk en -gevoel aangepas word. Elkeen het ten slotte sy eie 'waarheid'. Skrifgesag? Wie praat nog daaroor?

Kunslig-vervaardigers bring hulle volgelinge in onsekerheid. Agteruitgang in die lees, bestudeer en oorpeins van die Woord bring die mense buite die verligtende en lewe-vernuwende evangelie in 'n eie gekose duisternis. Die Bybel? Hy mag nog sy woordjie sê in die moderne dialoog. Vir sover dit die moderne mens pas, sal hy nog iets daarvan aanvaar. Alles staan op los skroewe.

### *Die koninkryk buite die gesigsveld*

Die vierde gevolg wat in hierdie verband van die 'interpretasie'-kunslig vermeld word, is dat dit ons telkens weer dwing om oor allerlei kwessies na te dink, sinodale studie-kommissies te benoem ensovoorts. Ons moet tyd bestee aan kwessies soos 'gebruik van kelkies by die nagmaal', 'toelating van vroue tot die besondere ampte'. Hierdie en ander kwessies *lei ons aandag af van die leiding van die Skrif in die koninkryk van God*. Die diens van God beslaan die hele lewe. Daar is talle vrae wat om antwoorde roep om die Here in sy koninkryk reg te dien, soos

- Wat is die christen se roeping in politieke vraagstukke?
- Wat behoort tot ons sosiale en ekonomiese opdrag?
- Hoe moet ons menseregte in die Skriflig beoordeel?
- Wat beteken die doopbelofte om ons kinders te onderrig en te laat onderrig met die oog op opvoeding tuis, kerklike katkisasie en die onderwys?
- Hoe moet ons dag-, week- en ander blaaie (die pers) in die lig van die Woord beoordeel? En wat behoort ons dienaangaande te onderneem?
- Wat vra die Here van ons in ons omgang met sy skepping? Mag ons alles wat ons kan doen, met die daad onderneem?

Die kerk in sy aanvegting en stryd mag geensins sy roeping in die koninkryk van God versaak nie. Ons kan die tyd wat ons aan kerkstryd bestee, verkort deur allerlei sake tot een saak te herlei. Die vraag oor ons hermeneutiese uitgangspunte (Hoe lees jy?) moet skriftuurlik beantwoord word. Die Skriflig is gegee nie om dit te verduister nie, maar om helder te skyn, nie alleen in ons kerklike sake nie, maar ook in die hele lewe van al God se kinders.

---

[10] Joh 8:44.

[11] Matt 4:6-7; sien ook die woorde 'daar is geskrywe' in verse 4 en 10.

[12] WJ de Klerk. Hoera en voertsek: die reaksies op die boek 'Die vreemde God en sy mense'. *Woord en daad*, Herfs 1999:20-21.

## Bly in die Skriflig

Wat moet ons, lidmate van Christus se kerk, met die oog op die kunslig doen? Drie dinge.

### *Aanvaarding van die Woord*

Eerstens mag ons die Skriflig gelowig en dankbaar aanvaar. Die aanvaarding behels: Ons lees, bestudeer en oorpeins die Woord, persoonlik, in die gesin, saam met broeders en susters. Ons is liggaamlik en geestelik aanwesig by elke Woordverkondiging. Ons het die Here lief. Ons luister na sy stem en leer die stem steeds beter en dieper verstaan. Die Woord en die suiwer prediking daarvan het vir die gelowiges onmeetlike waarde. Hulle sing:

> *Dis 'n lig wat klare kennis*
> *aan eenvoudiges ontdek;*
> *dis die asem van die lewe*
> *wat ek diep na binne trek.*[13]

Elkeen wat die omgang met die Here in sy Woord begin verwaarloos, persoonlik, in die gesin of in die kerk, en hom- of haarself beproef, sal agterkom dat hy die Skriflig afskerm en dat ook die gebede verminder. Die Here dra ons op om nie aan die tydgees toe te gee deur self as skerm voor die Woord op te tree of teoloë toe te staan om as 'n skerm tussen die Woord en die volk van God in te dring nie.

### *Beoordeling volgens die Woord*

Tweedens roep die Here ons om ons eie lewe en die gees van die tyd voortdurend in die lig van sy Woord te beoordeel. Talle mense wat die tydgees proe, is nie in staat om die geeste op die proef te stel of hulle uit God is[14] nie. Hulle aanvaar nie of nie meer die Skrif as die rigsnoer vir die lewe[15] nie. Die Here roep ons om in die beoordeling van die lewe 'elke gedagte gevange' te 'neem tot die gehoorsaamheid aan Christus'.[16] Alles wat miserabel in die kerk is, is nog nie sensurabel nie. Die grens van wat ons wel en nie mag en moet verdra nie, word in die Woord duidelik gestel.

Wat mag ons nie verdra nie? Verharding in verbreking van die eenheid van die geloof. Die Woord is die fondament wat een maal gelê is. Hier sluit die laaste artikel van hierdie reeks by die eerste artikel aan.[17] Ons mag nie skerms tussen die Woord en die volk van God en ook nie kunsligte wat agter die skerms vervaardig word, tolereer nie.

### *Binding aan die Woord*

Bly in die Skriflig beteken: Ek bind myself om op die fondament van die kerk te bly. Ek bind ook my broeders en susters, my kerkraad, die kerke in die verband. Wie die fondament verlaat, word broederlik en kerklik vermaan. Geen vryblywende gesprek nie, maar liefdevolle vermaan vind plaas om die betrokkene(s) na die fondament terug te roep.

Wie nie na die vermaning uit die Woord wil luister nie, word by verharding uit die christelike gemeente uitgesluit. 'n Hele kerk wat nie na vermaning wil luister nie? Die kerke in die verband moet met droefheid konstateer dat so 'n kerk nie meer op die fondament saamlewe nie en daarom die band met die ander kerke verbreek het.

Ons bly saam op die fondament, in die Skriflig, of ons verwyder ons saam van die Skriflig. Kunslig staan teenoor Skriflig. Op die fondament van die kerk word kunslig geweer, om in die helder Skriflig te bly. Tot eer van die Here wat ons blymoedig in die lig van sy Woord laat wandel.

---

[13] Berymde Ps 119:48.
[14] 1 Joh 4:1.
[15] NGB, art. 5.
[16] 2 Kor 10:5.
[17] Sien die artikel Bly op die fondament. *Waarheid en dwaling* 5(7), Julie 1999:4-7.

---

BOEKBESPREKING

# Die Bybellennium (1)

**Ds HLJ Momberg,** Pretoria

**Met die aanbreek van die nuwe millennium het 'n aantal moderne wetenskaplikes vanuit verkillende kerklike agtergronde die geleentheid aangegryp om in 'n gees van aktualiteit iets op die treffersparade van die jaar 2000 te bring wat vir die lesers van Suid-Afrika 'n eietydse Bybeluitleg kan verskaf.**

Hierdie boek word in pamflette en resensies met ope arms begroet en met blydskap aanbeveel. 'Dankbaarheid dat ons, juis ons in hierdie tyd so bevoorreg is om so 'n gehalte publikasie te mag besit en te lees en te bestudeer. Jy dink terug aan jou voorgeslagte; wat sou hulle nie wou gee om so 'n boek te kon hê nie! Ons voorouers het die woeste wêreld aangedurf met die Statebybel wat ook maar soms moeilik gelees het en verstaan is' en Ek is daarvan oortuig dat dit duisende dankbare lesers gaan hê. Mag dit die ryke seën van God ontvang en mag dit ook tot groot seën vir ons land, vir ons kerke en ons lidmate wees.' (*Die Kerkblad* 8 Desember 1999, p 33).

Wat is dit wat vir die resensente die Bybellennium so aanbevelenswaardig maak? Wat is dit wat die leser moet beweeg om R275 uit die sak te haal vir hierdie glanspublikasie? Is dit in die lig van die boodskap van die Bybel herderlik verantwoordelik om die kudde van die Here aan die leiding en geestelike toerusting wat die Bybellennium gee, bloot te stel? Maar waarom wil mens in hierdie progressiewe tye nog enigsins vrae soos hierdie vra?

## Beproef die geeste

Die opdrag om deeglik te beoordeel, lê wyd in die Skrif beskrywe. Jesus het as ons goeie Herder self gewaarsku dat ons moet oppas vir die wolwe wat met skaapsklere aan in die kudde gaan inkom en verwoesting saai. Ons kan hulle aan hulle vrugte uitken, het Jesus gesê. Hier het ons met die Bybellennium die vrugte wat uitgesoekte teoloë op die kerklike tafel bedien. Ons sal die vrugte moet evalueer. Is dit vye of dorings? Is dit vye met dorings daartussen? Is dit roomys of

arseen? Is dit roomys met arseen daartussen? Is dit herderlik verantwoordelik om die kudde van die Here in die aanloklike gras van die Bybellennium te laat wei? Wat is die maatstaf waarmee die geeste op die proef gestel moet word?

Die Skrif leer: Die wat erken dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie, maar dit is die gees van die Antichris. Wat het ons met hierdie ingrypende merkteken uit die pen van die apostel Johannes? Ons het te doen met die antwoorde waartoe verklaarders kom wanneer hulle die Skrifte bestudeer het. Ons moet hoor wat bely die skrifverklaarders aangaande die Skrif. Kortom: Ons het met Skrifbeskouing te doen.

Hoe gaan mense te werk om eerstens bloot te lê wat daar in die Skrif geskrywe staan en hoe gaan hulle te werk om die betekenis van dit wat hulle blootgelê het, eietyds toe te pas? Dit is die vrae. Die Skrifte gee dit self vir ons deur dat ons met 'n Christusgetuienis te doen het. Die hele Skrif getuig as 'n interne komposisie van die Heilige Gees, een en dieselfde boodskap - te wete die verlossingsevangelie wat met al sy vereistes 'n volkome bevrediging van God se geregtigheid bevat, en wat daarin geleë is dat God sy Seun gestuur het, en dat sy Seun neergedaal het en mens geword het en onder ons gewoon het, en deur sy helse smarte en sy volkome oorwinning, ook ons enigste Verlosser en Saligmaker geword het.

Die insiggewende punt om te snap, is dat die skrifverklaarders, deur die interne getuienis van die Skrif moet kom tot die volkome erkenning van die integriteit van die Outeur en sy Boodskap. Dan noodwendig ook tot 'n verklaring daarvan kom wat ons Christus en al sy weldade deelagtig maak. Wanneer die teendeel gebeur, het ons met die antichris te doen. Wanneer die verklaring allerlei draaie probeer loop om Christus in die verklaring te systap, het ons met die antichris te doen.

## Buitebybelse kanon?

Dan sluit die volgende kritiese evalueringspunt hierby aan: Hoe hanteer die verklaarders die verhouding tussen die interne gegewens van die Bybel self en die buitebybelse gegewens. Die Skrifgetroue en gelowige uitleg van die Skrif neem die interne getuienis van die Skrif as die absolute sleutel vir die verstaan van die Skrif. Die Skrif moet immers sy eie uitlegger wees. Die interne getuienis regeer bo-oor enige gegewens wat andersins vergader word. Die buitebybelse gegewens word nuttig gebruik om nadere opheldering te gee en ondersteuning te bied vir die betekenis van die Skrif.

> *Al hoe ingrypender word die onfeilbaarheid van die Skrif afgetakel*

Deesdae word dit die algemene verskynsel dat Skrifkritiek gepleeg word wanneer verklaarders van buitebybelse gegewens kanon maak, dit tot die sleutel vir die verstaan van die Skrif verhef. Buitebybelse gegewens heers bo-oor die interne gegewens van die Skrif. Tas selfs die eenheid en die integriteit van die interne getuienis van die Skrif aan, word toegelaat om die Bybelse boodskap te veto. Die kerkvolk word met eiesinnigheid en vrysinnigheid vergiftig. Die vraag op my hart is of hierdie glanspublikasie werklik beskou kan word as 'n seën van die Here, as 'n wins vergeleke met 'die Statebybel (met sy kantaantekeninge) wat ook maar soms moeilik gelees het en verstaan is'?

Daar is soveel mooi dinge om wel te kan sê van die Bybellennium. Die onverpoosde ywer wat verskillende teoloë oor meer as vier jaar aan die dag gelê het, die ultra gebruikersvriendelike uitleg van die teks, die kommunikasieblokke binne-in die kommentaar wat spesiale aandag aan verskillende aspekte van die boodskap verleen, die indeks met verklarings van teologiese terme, die artikels oor verskeie godsdienstige vraagstukke, en so meer. Maar laat ons dan nie die man op sy baadjie takseer nie. Laat ons eerder na sy voetstappe kyk.

## Het God deur Moses gespreek?

By die behandeling van die Ou Testamentiese boeke word insiggewende vertrekpunte en teorieë kwytgeraak wat die verklaring van die materie van die boeke ingrypend beïnvloed het. Die vernaamste hiervan is dat dwarsdeur die behandeling van die Ou Testamentiese boeke in hulle vooraf-bekendstellings die bekende aanvaarde standpunt verwerp is wat die integriteit van die boeke aanvaar het soos wat hulle daaruit sien, waarvolgens bepaalde outeurs aan bepaalde boeke gekoppel is omdat hulle as ten minste die primêre en hoofinstrumente opgetree het om God se openbaring op skrif te kry. Hierdie bekende aanvaarding, wat sy neerslag vind in die wyse waarop die geïnspireerde skrywers van die Nuwe Testament na die Ou Testamentiese boeke verwys en wat ook neerslag vind in die uitdrukkingswyse van die NGB art 4, word grootliks verwerp. In die plek daarvan word met alle stelligheid 'n ander teorie gepropageer wat lui: Die boeke soos hulle nou daaruit sien, is eintlik uit 'n wye versplintering van verskeie bronne afkomstig (baie kere van heeltemal ander bronne as die outeurs waaraan die boeke tradisioneel gekoppel is). Job byvoorbeeld is eintlik 'n opgesmukte 'verhaal' van 'n klomp skrywers wat gesamentlik 'een van gees' was.

Dan is hierdie verskillende bronne redaksioneel verwerk, daaraan is na goeddunke eietydse toevoegings gemaak, aktualiserings daarop aangebring en eers tydens die koningskap van Josia (639 - 609 vC) het hulle min of meer die inhoudelike formaat aangeneem wat hulle nou het. In daardie tyd is hulle dan voorlopig gebundel, en eers na die ballingskap (586 - 538 vC) is hulle finaal geredigeer, geaktualiseer en as die Ou Testamentiese kanon in boekrolle gebundel. Prakties vertolk hierdie teorie die boodskap dat ons ons nie moet verbeel dat God aan Moses gesê het om dit of dat te skryf of te doen nie. Nee, dit is maar 'n verdoeseling, dit is alles pure bedrog. Eintlik was dit 'n na-ballingskapse priester wat dit uitgedink het en sommer vir Moses en die HERE daarby betrek het om gesag daaraan te verleen.

Alhoewel dit duidelik is dat die versamel- en bundelproses van die Ou Testamentiese kanon 'n lang tyd moes geduur het, gaan die sogenaamde bronneteorie in sy ekstreme heeltemal te ver. Dit verwerp die geloofwaardigheid van die selfgetuienis van die boeke. Dit is ook al reeds deur verskeie Ou Testamentici grondig afgewys. Dit is al oortuigend aangetoon dat hierdie vertwyfelende teorie hoegenaamd geen konkrete bewyse kan betrek nie en dat dit grootliks op pandemoniese spekulasies berus.

Al die sogenaamde probleme wat die ou bekende aanvaarding blykbaar vir die moderne teologie opgelewer het, word nie deur hierdie nuwe teorie opgeklaar nie. Inteendeel, die vrae word net al hoe meer. Al hoe ingrypender word die onfeilbaarheid van die Skrif afgetakel, suspisie oor die inspirasie van die Skrif opgewek en twyfel oor die goddelike gesag daarvan gesaai. Waar hierdie teorie deur Bybelgelowige teoloë reeds grondig afgewys is, word dit sommer nou in die Bybellennium as 'n basiese vertrekpunt oor die wordingsgeskiedenis van die Bybelboeke geneem.

Dit bly egter 'n verstommende ironie hoedat wetenskaplikes die drang openbaar om iets nuuts op die tafel te sit, modern, populêr, glansryk en gebruikersvriendelik vir die mense van die nuwe Millennium, en tog so tragies dat hulle so onbekwaam daartoe is omdat hulle steeds met die verweerde doodsbeendere uit die vorige eeu nuwe geraamtes probeer opbou. Hoe geldig is dan eintlik hulle beskuldiging dat die Skrifgelowige teoloë fundamentalisties is as hulle self met die afgewese ketterye uit die vorige eeu probeer om teologie in die jaar 2000 te pleeg?

Wat egter veel erger is: Wat maak Gereformeerde teoloë op die medewerkende paneel van hierdie publikasie? Het ook die teologie van die GKSA Skrifkrities geword, dat ons tuis voel in hierdie geselskap?

## Feit versus verhaal

Voorlopig sal ons by hierdie artikel by die kommentaar van Genesis 1 - 6 bly. Later word die ander boeke ook stelselmatig bekyk.

Dat die eerste paar hoofstukke van Genesis met 'n vergrootglas bekyk word, is wesentlik belangrik omdat die hele res van die Bybel hieruit ontvou. Die wyse waarop dit verklaar word, is daarom ook bepalend vir hoe die res van die Bybel as Woord van God benader gaan word. Ek gaan die vinger op enkele kolle druk.

Die wordingsgeskiedenis van die boek Genesis (en die hele Pentateug) word as 'n klomp oorlewerings beskou wat deur redakteurs geherinterpreteer is en teen die einde of na afloop van die ballingskap voltooi is.

Genesis 1:1 byvoorbeeld, is nie 'n beskrywing van iets wat gebeur het nie, maar dit is 'n 'deklarasie oor God.'

Dit is opmerklik watter invloed ons moderne mensbeskouïng hier by Genesis, maar ook by die res van die kommentaar neerslag vind. Dit is asof die kommentaar oorweldigend gelaai word met iets soos 'n anti-diskriminasie-obsessie. Die blote positiewe beskrywing van die Bybel oor die plek en taak van die mens in die skepping en die verwording daarvan na die sondeval word nie in die kommentaar blootgelê nie, maar verbygegaan ter wille van 'n geëmansipeerde mensbeskouing van vandag.

Op bladsy 13 vind ons 'n duidelike bevestiging van die dwaalleer wat verklaar dat God die skepping deur middel van die evolusieproses geskape het.

Dit is deurgaans opvallend hoedat die kommentator volstrek weier om die woord 'geskiedenis' te gebruik. Alles is verhale en vertellings. Op bladsy 14 kry ons die beskrywing van die tuin van Eden. Niks daarvan is histories betroubaar nie, nee, alles is simbole:

- Die tuin is simbool van menslike geluk.
- Die twee bome in die middel van die tuin is die simbool van God se teenwoordigheid. Die boom van die lewe is die simbool van God en die boom van alle kennis (let wel nie van kennis van goed en van kwaad nie), is simbool van die alwetendheid van God.
- Die riviere is die simbool van vrugbaarheid en voorspoed.
- Die slang is die simbool van boosheid.

Die mensbeskouing is erg! 'God moet die risiko met die mens loop dat die mens verkeerd kan kies en sy perke sal oorskry' (bladsy 15). (Of is Godsbeskouing hiervan nie nog erger nie?)

Die moederbelofte, Genesis 3: 15, word eksplisiet anti-messiaans verklaar (beproef die geeste!).

Die sondeval is 'n simboliese vertelling wat kinders kan verstaan soos die eet van verkeerde vrugte wat sê dat alle ellendes in die lewe teruggevoer kan word na opstand teen en wegdraai van God af (bladsy 19). Die mees ingrypende gebeurtenis wat ook tot die toestand van hierdie wêreld aanleiding gegee het en wat die hele res van die Bybel moes laat ontstaan, die evangelie, dit word goedsmoeds as 'n sprokie afgemaak wat verbeeldingryke kinders rustig mag glo en wat grootmense rustig mag betwyfel.

Die slang is toe blykbaar nie vervloek nie, maar hy is verneder (bladsy 19).

In die stryd tussen die hakskeen byt en kop vermorsel word hier - net soos in die publikasie 'Bybel in praktyk' - opgemerk: 'dat daar in hierdie stryd geen wenner is nie.' (bladsy 19). Het die kommentator by daardie punt vergeet wie die Een is wat aan die woord was?

Die eerste gesinskatastrofe is weereens 'n blote verhaal met ooreenkomste met die tuinverhaal (bladsy 22).

Waar kry Kain se vrou? (bladsy 25) Die streng historiese verklaring van teks-met-teks vergelyking en daaruit afleidings maak word eksplisiet verwerp. Dan word bewustelik gekies vir 'n verklaring wat sogenaamd 'meer teksgetrou is', wat stel dat die Bybel nie bedoel is om geskiedenis weer te gee nie.

Die verklaring van Genesis 5 en 6 word mede onder leiding van die 1983 vertaling in die dampkring van mitologie gehul. Die betekenis van die seuns van God wat met die dogters van die mens gemeenskap gehad het, word met die Gilgamesj Epos verklaar, 'n persoon wat volgens die oorlewering halfmens en halfgod was, vandaar die verklaring waarom daar in daardie tyd reuse op die aarde was. Die binne-bybelse gegewens wat hier wel betrek word, word kalmweg van die hand gewys.

Die persone wat verder in die geslagsregisters opgeneem word en wat sulke hoë ouderdomme bereik het, word nou as 'mitiese prehistoriese figure' bestempel en nie meer as werklike mense wat onder andere in die geslagsregister van Jesus opgeneem is nie. Was Jesus nie dan ook maar net 'n mitiese figuur nie?

## Gereformeerdes, waarheen?

Hier was nou enkele flitse op die eerste paar hoofstukke van Genesis om u as leser se aandag op die verklaringstrant van die moderne kommentaar vir eietydse toepassing te vestig. Ek is beslis nie oortuig dat hierdie kommentaar die integriteit van God hoog ag en die Skrif as sy onfeilbare Woord wil verklaar nie. Die duisende niksvermoedende Afrikaners wat uit naïwiteit hierdie publikasie gaan koop, gaan noodwendig in hulle deurlees hiervan tot 'n katastrofale twyfel en wanhoop gedryf word. Hoe gaan die amp van alle gelowiges lyk as hierdie publikasie die toestand van die kerk van die derde millennium moet bepaal? Dit is iets om van asem op te hou, die vuurrooi draak met die hoer op sy rug!

Volgende keer iets meer oor van die ander boekdele.

# PETRUSBURG SPIEËLBEELD VAN SO BAIE ANDER

**Dr JM van Tonder,** Krugersdorp-Wes

Die Afrikaner se moed lê dieper as net in die verloor van 'n veldslag.

Toe die Brit nie die Boer se moed kon breek nie, moes hy 'n ander plan maak. Hy wou die Afrikaner in sy diepste wese aantas. Toe het Kitchener se verwronge menslikheid die oorhand gekry en vroue en kinders word saam gebondel in kampe wat net dood en smart inhou. Maar spoedig moes die Britte besef dat daar iets anders in die wortels van die Afrikaner klop wat ook die vroue uithouers maak. Dan moet hy die Afrikaner in sy siel aantas. Sy godsdiens. Want hy het agtergekom dat kerk - volk - owerheid vir die Afrikaner onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Godsdiens is die hartaar van die Boerevolk se nasionale bestaan.

Die verhaal van Petrusburg se Gereformeerde Kerk is 'n spieëlbeeld van honderde ander Afrikaanse Kerke wat deur dieselfde swak krygsmanskap getref is. Hierdie optrede weerspieël die onmaggevoel wat in Lord Kitchener van Kartoem geleef het.

Die hammerhoue teen die voordeur dreun deur die pastorie op Petrusburg. Ds LJ du Plessis van die Gereformeerde Kerk Petrusburg was dit lankal te wagte. Nadat die oorlog begin het, het hy steeds as predikant voortgegaan om te preek, te bemoedig en te versorg soos wat die omstandighede dit toegelaat het. So speel hy 'n bepaalde rol in die gemeenskap. Daar was vreugdes oor die oorwinnings by Tweeriviere en Magersfontein en ander wat saam gedeel is en die Here voor gedank is. Maar daar was ook tyd vir moed inpraat na die oorgawe by Paardeberg en troos oor geliefdes en bekendes wat daar nie meer was nie. Tussen al die bewegings en bedreigings van die Engelse het ds Du Plessis voortgegaan met sy taak. Hierdie ondersteuning het vir die Engelse al hoe meer 'n doring in die vlees geword.

> *Die Here hou self sy kerk in stand*

Die Boere was nie so maklik te knak as wat die Engelse gedink het nie. Om die burgers se moed te breek begin die Engelse met hulle ontvolking van die platteland en die verskroeide aardebeleid. So het 1 Februarie 1901 op Petrusburg aangebreek en die hammerhoue teen die voordeur. Die dominee en sy gesin moet weg, want hulle teenwoordigheid lewer 'n mate van vastigheid in die gemeenskap. Dit kan die Engelse nie langer verduur nie. Het die dominee die wapen opgeneem, dan was dit maklik: Stuur hom weg in ballingskap. Maar hy het nie. Die Afrikaanse preke sou die Engelse beswaarlik kon verstaan. Maar die feit dat vroue en kinders deur hom bemoedig word, het hulle goed verstaan. Hulle moet die mense in die hart van hulle oortuiging aantas. Daarom word die dominee weggevoer na Kimberley toe wat in Britse hande was.

Net die nodigste mag saamgeneem word. As voorsorgmaatreël was die kerkboeke, notules, doopregister, lidmaatregister en huweliksregister sedert die begin van die oorlog deur ouderling SJ van der Walt op sy plaas bewaar.

Na die wegvoer van die pastoriegesin staan die pastorie en kerkgebou in die dorp as 'n sekere getuie van die Afrikaner se wil om te oorleef. Vir die Engelse mag dit ook nie wees nie. Deur 'n spesiale bevel van die militêre owerheid word die geboue geplunder en die pastorie afgebrand. Dit was die tyd toe die Engelse hulle grootste oorwinnings behaal het oor vroue en kinders en kerkgeboue, want hulle kon die burgers in die veld nie bykom nie.

Met 'n mate van sadistiese genoegdoening en veragting moet die Afrikaner se vastigheid geplunder word. By 'n ander dorp is vragte perdemis in die kerkgebou gegooi, 'n teken van hulle onmag en minagting.

Daar sou bykans een jaar verloop voordat ds du Plessis weer in Augustus 1902 na Petrusburg terug kon gaan. Die kerklike lewe het vir meer as drie jaar feitlik stil gestaan. In daardie tyd is daar geen vergaderings gehou nie. Die eerste vergadering na die oorlog was op 8 November 1902 sonder notules want al die kerkboeke wat so netjies geberg is by ouderling SJ van der Walt, is deur die Engelse verwoes. Die gemeente moet weer voor begin.

Tydens hierdie eerste vergadering was daar ook net drie ouderlinge en twee diakens asook een oud-ouderling teenwoordig. Vier van hulle het kort te vore uit ballingskap van Bermuda en St Helena teruggekom. Die dominee heet hulle welkom en spreek sy dank uit dat hulle behoue teruggekom het. Bitter was die verliese wat gely is. Die volk het sy onafhanklikheid en vryheid verloor en moes buk onder die geweld en onregsmag. Hy vertolk die stemming van die mense deur te laat sing:

*Gij zijt, o HEER, van d' allevroegste jaren*
*voor ons geweest een toevlucht in gevaren!*
*Eer berg en rots uit niet geboren waren,*
*eer d' aarde rustt' op hare grondpilaren*
*van eeuwigheid, o God, die eeuwig leeft,*
*zijt Gij de God, die eind noch oorsprong heeft!*

Die gemeentes het weer voor begin. Op Petrusburg word besluit dat diakens vir die onderhoud van die predikant sal kollekteer. As mens die besluit lees, vra jy jouself af: By wie moet hulle kollekteer? So moes daar weer begin word om 'n verwoeste gemeente en kerklike lewe van die grond af op te bou.

God sy dank word die voortgang van die kerk nie bepaal deur die oorwinning van 'n volk nie, of deur die veragting van die vyand nie. Die Here hou self sy kerk in stand en soos Petrusburg het die ander gemeentes ook weer opgestaan.

In die notules lees jy niks van verwyt of verbittering nie, eerder verdwasing dat 'n volk (die Britse volk) wat homself as beskaaf voorhou, deur sulke onmenslikheid sou gaan om 'n politieke doel te bereik.

# Kremasie – 'n opsie vir christene?

**Dr JM Boon**, Pretoria

**Uit die vorige artikels is dit duidelik dat die praktyk van kremasie nie bloot 'n reaksie op omstandighede soos te min spasie of gesondheidsredes is nie. Dit is naïef om te dink dat die praktyk van kremasie slegs berus op praktiese gronde. Dit word grotendeels bepaal deur hoe ons dink oor die lewe van die mens en die gesag van die Skrif. Die Skrif gaan ons voor in die begrawe van die liggaam na sterwe.**

Die praktyk van kremasie neem ook in Suid-Afrika toe. Selfs onder verskillende kerkgemeenskappe begin hierdie praktyk steeds meer ingeburger raak.

Ons sien dat verassings-gedenkmure by al hoe meer kerke in ons land populêr word.

Baie mense verkies dit om na die verassing die as in die see of op ander plekke te strooi. Die nihilisme wat God dood verklaar het en geen uitsig vir die mens se lewe het nie, vorm die grondslag van hierdie praktyk.

Teoloë soos wyle Prof Heyns[1] skryf oor aanvaarding van beide begrawe en verassing as manier om met die dooie menslike liggaam om te gaan.

In hierdie artikel wil ons kyk wat die die HERE in sy Woord aan ons openbaar oor die manier hoe om die dooie menslike liggaam te hanteer.

Dit is duidelik dat die Bybel nie onverskillig staan teenoor die dooie menslike liggaam nie.

Die begrawe van die dooie menslike liggaam is die manier hoe die Skrif ons voorgaan om ons dooies te hanteer.

Ons lees in die Skrif van talle voorbeelde waar mense begrawe word. Lasarus, een wat baie na aan die Here Jesus gelewe het, is na sy sterwe begrawe. Dit is uit die graf waaruit Christus hom dan ook opwek (Joh 11).

Die HERE skryf die begrafnis ook voor as manier om die dooie menslike liggaam te hanteer[2]. Selfs iemand wat die doodstraf ontvang vanweë 'n sekere misdaad, moet begrawe word. Dit geld selfs vir 'n misdadiger wat so swaar gesondig het, dat sy liggaam na die steniging nog 'n ruk aan 'n paal moes hang. Sy liggaam mog nie aan die paal oornag nie, maar moes sekerlik nog dieselfde dag begrawe word (Deut 21:22).

Ons lees in Deuteronomium 34:5 en 6 dat die HERE self die liggaam van Moses op die berg Nebo begrawe nadat hy gesterf het. Hy het nie saam met die volk in die land Kanaän ingetrek nie. Ons lees dat die HERE hom in die dal in die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe het.

Ons lees van Josef wie se gebeente, nadat hulle hom gebalsem het, saamgeneem is na die beloofde land en daar begrawe is (Gen 52:25,26, Jos 24:32).

Jesus Christus word ook begrawe. Die HERE laat sy beloftes in vervulling gaan deur die liggaam van Christus nie aan die willekeur van die Joodse leiers oor te gee nie (Jes 53:9). Josef van Arimatea, 'n ryk man, kry toestemming om die liggaam van Christus te begrawe. Johannes beskryf die begrafnis van Jesus in hoofstuk 19:40 : 'En hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit in doeke toegedraai saam met die speserye, soos die gewoonte van die Jode is om te begrawe.'

In Hand 9:37 lees ons van die christene in Joppe wat hul suster in die Here, Tabita, versorg en in die bovertrek neergelê het, nadat sy gesterf het.

Die begrawe van die liggaam geskied volgens die Skrif altyd met die uitsig na die opstanding van die liggaam. Paulus sluit baie sterk hierby aan in 1 Kor 15. Ook die Ou Testament spreek al daarvan. Ons lees in Jes 26:19 oor die belofte van die HERE: 'U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan.' Die dode wat in die HERE gesterf het behoort aan die HERE.

Die Skrif bevat baie konkrete beloftes oor die opstanding van die liggaam. Verbondsbeloftes van die HERE. Hierdie beloftes is net so seker as al die ander beloftes wat Hy in sy Woord aan sy kerk gee. Hier is enkele voorbeelde:

- Want as ons gelykvormig geword het aan Hom in sy dood, ***sal*** ons dit tog ook wees in sy opstanding (Rom 6:5).
- Want ons weet dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus ***sal*** opwek en saam met julle voor Hom ***sal*** stel (2 Kor 4:14).
- As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom ***sal*** lewe (Rom 6:8).

Elke gelowige se graf staan onder die koepel van hierdie beloftes. Beloftes van 'n troue Verbondsgod, wat geeneen van sy beloftes onvervul laat nie.

Paulus illustreer hierdie vaste belofte in I Kor 15. Ja, die Gees gebruik die beeld van die saadkorrel en die begrawe van die liggaam om ons te troos. God is trou aan sy beloftes!

- 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar word gesaai in oneer, maar opgewek in heerlikheid (I Kor 15: 43,44).

As Paulus in 1 Kor 15 die saadkorrel wat eers geplant word en sterf voordat die koring opkom, vergelyk met die opstanding van die liggaam, sluit hy aan by die begrawe van die liggaam en beslis nie by verassing nie.

Daar lê troos in die begrawe van die liggaam. Kyk maar na die saadkorrel. Die korrel word eers geplant en sterf voordat die koring opkom. So is dit met die begrawe en opstanding van die liggaam. Om 'n gelowige te begrawe spreek dus heel konkreet oor die belofte van die opstanding van die liggaam. Trouens ons is profeties besig as ons 'n broeder of suster begrawe. Ons bely dat die opstanding wat met die begrawe van die liggaam nie vir ons sigbaar is nie, tog sekerlik werklikheid word. Begrawe met die beeld van 1 Kor 15 in gedagte is 'n geloofsdaad.

Ons begrawe die dooie liggaam dus omdat God dit wil en omdat daarvan 'n belydenis uitgaan. Teen dit wat voor oë is, ontbinding en vertering, bely ons nogtans en sê ons agter God se beloftes aan : Ek glo aan die opstanding van die liggaam. Die dooies van die HERE sal herlewe.

Daarom begrawe ons soos die Skrif sê en bely God se belofte in 'n wereld waar die mens nie meer glo in die Skepper en Herskepper van hemel en aarde nie. Die graf word oorkoepel

---

[1] Heyns JA. *Teologiese etiek.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel. 1982, p. 509-510.

[2] Visser JR. Die Skrif oor begrawing en verbranding. *Die Joernaal Vir Etiese Medisyne.* 1(1), 1999:43.

deur die beloftes van die God van die verbond. Sy beloftes is waar en seker.

Deur ons dooies in die Here te begrawe getuig, bely en glo ons dat die God wat hemel en aarde gemaak het, ook hierdie uiteindelik ontbinde liggaam onverganklik sal opwek.

As ons begrawe, gooi ons die graf met grond toe. Ons plant die liggaam soos 'n mens 'n saadjie plant. Om te begrawe is om te plant. Ons plant met die sekere wete van die opstanding. Hierdie planting is belangrik. Daarmee wil die Here ons troos en 'n belydenis in die wêreld instuur : Ons plant in oneer, in verganklikheid, maar soos wat die boom uiteindelik opkom na die plant van die saadjie, so sal 'n onverganklike liggaam uit die graf opgewek word. Daar word opgewek in heerlikheid en krag.

Die graf is daarom 'n teken van ons belydenis van God se verlossing van die liggaam[3].

Sal ons daarom ons dooies verbrand? Nee, dit is nie die Here se wil nie. Hy wil via die graf vir ons wys op Christus en sy werk van herskepping in die opstanding van die liggaam.

[3] Durand MC. Die Skrif oor die dooie liggaam. *Die Joernaal Vir Etiese Medisyne*. 1(1), 1999:51.

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer** – Wonderboompoort

# KANON: OOP OF GESLOTE?

In die Oktober 1999-uitgawe van *Konteks*, die maandblad van die Nederduitsch Hervormde Kerk, skryf Johan Steyn oor hierdie vraagstuk. Met die vraag word nie (opnuut) gekrap aan die kanonisiteit van die Skrif nie. Ander knelpunte kom aan die orde.

*Ons hantering van die Bybel verskil baie van die tyd toe daar kanon gevorm is en debatte oor die grense daarvan plaasgevind het. Hierdie verskille is so groot dat 'n mens inderdaad kan stel dat die hedendaagse leser 'n* ***ander Bybel*** *lees as sê maar Augustinus of Calvyn. As Augustinus op soek was na die geestelike betekenis van die mees alledaagse vermelding in die Bybel en as Calvyn gelees het om bewysplase vir dogmas te vind, dan lees ons vandag eerder met die oog op lewenshulp en lewensin. Ons vra met ander woorde heeltemal ander vrae aan die Bybel. Hoe groot of klein dit is, wat daarin ingesluit of daaruit weggelaat word, is nie van die uiterste belang nie. Want ons lees ook baie ander boeke waaruit ons baie ander insigte kry. Nog anders gestel: in die werklike ervaring het die Bybel meer 'n boek* ***naas*** *as 'n boek* ***bo*** *ander boeke geword.*

*Hier kom nog iets belangriks by: ons lees die Bybel selektief. Waarmee ons niks kan begin nie, dit slaan ons na 'n paar versies oor en lees elders verder. Maar daar is ook dele wat ons nooit lees nie of wat ons selfs so gou moontlik weer vergeet.*

*Daar is gedeeltes in die Bybel wat 'n mens lees en nooit oor praat nie, dinge wat 'n mens sou laat rooi word as jy by die huisgodsdiens skielik agterkom wat jy nou lees. Daar is bloedskande en dergelike verhale wat 'n mens verleë maak. Dan vra jy tog weer soms of die Bybel nie verklein kan word om hierdie verleentheid uit te skakel nie.*

*Selfs hiermee is ons egter nog nie by die hart van die saak nie. Ons gee vir sommige waardes baie minder om as in vorige eeue. Ons laat heelwat verbygaan sonder om 'n stem te verhef of 'n pen op 'n papier te sit. Trouens, daar is sake waarvan ons nie eers meer besef dat dit belangrik was of weer kan word nie. Dit geld ook van die Bybel: dit kan die deursneemens vandag eintlik nie veel skeel wat daarin ingesluit of daar uitgesluit word nie. Waarom? Die Bybel het nie net 'n boek* ***naas*** *ander boeke geword nie, maar 'n boek* ***na*** *ander boeke. Jy lees koerante en tydskrifte, romans en wetenskaplike werke en daarna miskien ook die Bybel. Dit is nie net 'n kwessie van nalatigheid nie. Dit is nie bloot 'n kwessie van nie tyd hê nie. Dit is 'n simptoom van iets belangriker in ons geesteslewe: die verlies van die besef van heiligheid.*

*Op die Bybel toegepas, beteken dit dat ons nie meer 'n gevoel het daarvoor dat daar iets soos 'n Heilige Skrif kan wees nie, omdat alles sekulêr geword het, gewoon, aards, platvloers. ... Dit het die tydverdryf van ons tyd geword om alles wat nog enigsins heilig was tot 'n bespotting te maak. Daar is geleerdes wat die wêreld deurreis om hierdie ontheiliging te verkoop. Hulle ontlok staande ovasies. Hulle bankrekenings swel saam met hulle ego's.*

Die kanon: oop of geslote? Dit is opnuut 'n akute vraag. Steyn lig dit (pynlik) akkuraat toe. Benewens sy dood-skoot-opmerkings soos hierbo weergegee: hoeveel kerkgangers belý 'n geslote kanon, maar lééf by 'n oop (of halwe) kanon deur:

- Glad nie die Ou Tesament te lees nie, behalwe Psalms en Spreuke?
- Enkele treffende verse te lees waar die Bybel oopval?
- Nie te oordink en bepeins wat gelees is nie?
- Nie die volle rykdom van die Woord in die breedte en diepte van die lewe toe te pas nie?
- Hoegenaamd geen huisgodsdiens of Bybelstudie te doen nie?

Die vrae kan vermenigvuldig word. Waar ons aan die begin van 'n nuwe jaar staan, word elke gelowige opgeroep om erns te maak met die lees en bestudering en belewing van die vólle kanon. Dit is nie 'n oproep van 'n mens nie, maar van God. 'n Dwingende oproep, want 'my volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis' (Hosea 4:6). Aan die ander kant 'n oproep wat – as dit gehoorsaam uitgeleef word – tot lewensverryking lei: 'Ek het u getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang, want hulle is die vreugde van my hart' (Psalm 119:111).

# AARDVERSKUIWING IN KAMPEN

In Kampen (Nederland) – waar die Teologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke gesetel is – het 'n aardverskuiwing plaasgevind. So skryf prof. J. Kamphuis in die Julie/Augustus 1999-uitgawe van *Nader Bekeken*.

Met die aardverskuiwing word bedoel dat die Teologiese Universiteit van Kampen omvorm word vanaf 'n skool waar predikante opgelei word tot 'n 'kennissentrum'. Prof. Kamphuis stel enkele kritiese vrae: Waar kom die aardverskuiwing

vandaan? Het die kerke daarvoor gevra? Wat is die aard en die omvang van die verskuiwing?

Op die eerste twee vrae gee Kamphuis soos volg antwoord: *Die kerke, wat die Teologiese Skool moet onderhou (vergelyk Artikel 19 Kerkorde), het nie vir hierdie aardverskuiwing gevra nie. Die sinode het geen opdrag daarvoor gegee nie. 'n Mandaat het ontbreek. Tydens geen sinode is daar gepraat oor die noodsaak om die struktuur van die Teologiese Universiteit te verander nie.*

Wat behels die aardverskuiwing? Wat is die aard daarvan?

*As ons aan 'Kampen' dink, dan is dit die skool waar opleiding vir die diens van die Woord plaasvind. ... Ooreenkomstig 2 Timoteus 2:2 ('vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer') lei die een bedienaar van die Woord die ander een op. Die Woordbediening moet voortgaan in hierdie wêreld, van geslag tot geslag. So is dit ook in Artikel 18 van die Kerkorde verwoord: 'Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei...'. Hiermee word die professore nie verhinder om enkele kursusse aan nie-teoloë aan te bied nie, byvoorbeeld wanneer 'n juris wil kennis opdoen van die beoefening van die gereformeerde kerkreg. Maar dit is iets anders as wat in Kampen voorgestel word: 'Leergange vir nie-teoloë'. Dáár het die kerke geen roeping voor ontvang nie.*

*Hier sien 'n mens die oorgang vanaf 'n Teologiese Skool vir die opleiding van Woordbedienaars na 'n 'kennissentrum'. Dit gaan Kampen uit sy voeë ruk. Dit sal die Skool prinsipieel van karakter laat verander, en ook die kerkvolk van die Skool vervreem.*

Oor die omvang van die verskuiwing skryf prof. Kamphuis soos volg:

*Waar die kuratore namens die kerke voortdurend toesig hou oor die wel en wee van Kampen, word dié broeders eenkant toegeskuif. Die lewensband met die kerke word deurgesny.*

*Daarby kom die kwessie van promosiereg. Reeds in die dae van die vrymaking (1944) is die saak uitgemaak dat die professore aan die Teologiese Skool voortaan gebruik maak van hulle bevoegdheid om die doktorale eksamen af te neem en die doktorstitel in die Godgeleerheid toe te ken. Die Skool is hierin onafhanklik van enige ander opleidingsinstituut. Wanneer die Skool in 'n 'kennissentrum' omskep word, gaan sake drasties verander. Die selfstandigheid van die Teologiese Universiteit kom in gedrang.*

*'n Derde saak raak die 'wetenskaplikheid' van Kampen. Kampen het altyd nog nadruk gelê op die wetenskaplike karakter van die beoefening van die teologie – maar dan steeds primêr as opleiding van Woordbedienaars. Wat is die huidige tendens? Om in dialoog te tree met die teologiese wêreld. Nie dat dit op sigself verkeerd is nie. Maar dit mag nooit die hooftaak van Kampen word nie. Die Skool is geen sentrum vir Godsdienswetenskappe nie.*

Prof. Kamphuis sluit af met 'n ernstige wekroep insake die teologiese opleiding in Kampen:

*Moenie die kerke passeer nie.*
*Moenie die sinode (kuratore) ignoreer nie.*
*Moenie jou geskiedenis vergeet nie.*
*Laat Kampen bly wat dit altyd was: 'n Skool vàn die kerke om bedienaars van die versoening op te lei vír die kerke.*

Dit is 'n artikel wat diep sny. Wat Kampen vir gereformeerd Nederland is, is Potchefstroom vir gereformeerd Suid-Afrika. Dit is 'n bekende feit dat die Potchefstroomse Universiteit uit die Teologiese Skool ontwikkel het. Die verhouding tussen Skool en Universiteit is kosbaar. Maar ook vir Potchefstroom geld prof. Kamphuis se wekroep:

- Laat die TSP 'n Skool van die kerke vir die kerke wees en bly.
- Laat die TSP hom besig hou met sy primêre taak: opleiding van bedienaars van die Woord.
- Laat die TSP in die harte van die gereformeerde kerkvolk brand.
- Laat die TSP 'n lig wees "in U lig".

# Luther, Rome en die Anglikane

Op Hervormingsondag, 31 Oktober 1999, het verteenwoordigers van die Lutherse Kerk en die Roomse Kerk 'n gesamentlike verklaring oor die weg van saligheid onderteken. Dit het plaasgevind in Augsburg, Duitsland: 482 jaar nadat Luther sy 95 stellinge oor dieselfde saak aan die deur van die slotkerk in Wittenberg vasgespyker het.

Die *Protestantse Reveille* het voorlopige dokumentasie oor die aangeleentheid beskikbaar gestel. Die volledige verklaring sal nog versprei word.

Die kernsaak waaroor Lutherane en Rooms Katolieke konsensus bereik het, is dat regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus geskied. Die *Protestantse Reveille* toon egter aan hoe dié verklaring 'n dubbel bodem het: *binne die Rooms-Katolieke Kerk is regverdigmaking deur die geloof alleen steeds onaanvaarbaar.*

Die *Protestantse Reveille* motiveer sy standpunt soos volg: ... *die vasberadenheid van die Roomse Kerk ten spyte van Protestantse besware om sy Millennium-feesvieringe met spesiale aflate te koppel – is die einste vraagstuk wat die Protestantse Hervorming ontketen het. Hierdie optrede van die Vatikaan is 'n goeie bewys daarvan dat geen verandering in leerstelling of in die praktyk betreffende hierdie uiters belangrike vraagstuk plaasgevind het nie.*

Wat die verhouding tussen die Anglikaanse Kerk en die Roomse Kerk betref, wys die *Protestantse Reveille* op 'n aanbeveling van die Anglikaans-Rooms-Katolieke Internasionale Kommissie *dat die Anglikane nou bereid is om die primaat van die 'onfeilbare' Roomse pouslike stelsel te aanvaar. Hierdie aanbeveling negeer eenvoudig die feit dat die Roomse pousdom op geen wyse na die Nuwe Testamentiese Christendom herlei kan word nie.*

Die *Protestantse Reveille* maak die volgende opmerking hieroor: *Ons glo dat, soos nooit tevore, dit nodig geword het om die groot waarhede wat deur die hervormers herontdek is, nogmaals te beklemtoon – veral natuurlik die groot waarheid dat die regverdige uit geloof alleen sal lewe. Luther het hierdie waarheid beskryf as 'die mees prinsipiële artikel van alle Christelike dogmas wat inderdaad ware Christene van ons maak'.*

As Luther moes meemaak wat tans in die Lutherse kerk gebeur...? Die ontdekking van die Skrifwoord 'die regverdige sal uit die geloof lewe' (Romeine 1:17) was vir hom verlossing van bange slawerny en jarelange sielewroeging. Sy volgelinge trek die juk van slawerny opnuut aan. Rome seëvier oor Luteraan en Anglikaan. Mag ons daarvan gespaar bly, deur 'soos pasgebore kindertjies sterk te verlang na die onvervalste melk van die woord, dat ons daardeur kan opgroei – as ons ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is' (1 Petrus 2:2,3).